HOËRSKOOL MONTANA

TAALBELEID

INHOUDSOPGAWE

		Page number
1.	Inleiding	3
2.	Akronieme wat in hierdie beleid gebruik word	3
3.	Wetgewing wat hierdie beleid reguleer	3
4.	Algemeen	3-4
5.	Faktore in ag geneem	4
6.	Onderrig en Eksaminering	4
7.	Beleid oor onderrigtaal	5
8.	Bevordering van veeltaligheid	5
9.	Beleidswysigings	5
10.	Wysigingsgeskiedenis	6

1. INLEIDING

Hierdie beleid is opgestel ingevolge die vereiste dat die skoolbeheerliggaam 'n Taalbeleid moet hê, en om te verseker dat die skool se Taalbeleid in ooreenstemming is met provinsiale en nasionale wetgewing, regulasies en voorskrifte, en dat dit die spesifieke omstandighede van die skool in ag neem.

Hierdie dokument is die taalbeleid van Hoërskool Montana wat deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. AKRONIEME WAT IN HIERDIE BELEID GEBRUIK WORD

Geen akronieme word in hierdie beleid gebruik nie.

3. WETGEWING WAT HIERDIE BELEID REGULEER

Die skool se Taalbeleid verwys na en is in ooreenstemming met die volgende wetgewing:

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 of 1996)
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Artikel 15(1) bepaal dat elke persoon die reg het op Vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Artikel 15(2)
- Nasionale Onderwysbeleid, (Wet 27 van 1996)
- Regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad

4. ALGEMEEN

4.1 Hierdie beleid is bepaal deur die beheerliggaam van Hoërskool Montana (die **"Skool"**) ooreenkomstig met die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996, soos gewysig).

4.2 Hierdie beleid is in Augustus 2025 deur die beheerliggaam van die Skool opgestel en aanvaar, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing. Hierdie beleid verwys na daardie wette waar toepaslik. Die beheerliggaam van die Skool behou die reg voor om hierdie beleid te wysig indien dit op enige stadium met toepaslike wetgewing in stryd sou wees.

4.3 Hierdie beleid word te alle tye geïnterpreteer en toegepas op 'n wyse wat **die beste belange van alle betrokke leerders** en onderwysers beskerm en bevorder.

4.4 Alle verwante navrae rakende die beleid of navrae moet aan die skoolhoof se kantoor gerig word:

Administratiewe beampte in ontvangs: Me Natasha Esterhuizen	
Tel Nr:	023 347 0476
E-posadres:	ontvangs@monties.co.za
Fisiese adres:	Kluestraat Worcester 6850
Posadres:	Posbus 520 Worcester 6850

5. FAKTORE IN AG GENEEM

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- die belange van die leerders
- die belange van die skoolgemeenskap
- die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- die vermoë van die skool
- die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

6. ONDERRIG EN EKSAMINERING

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die taal van onderrig van die skool, Afrikaans.

7. BELEID OOR ONDERRIGTAAL

Die skool is 'n enkelmediuminstelling.

Die taal van onderrig is Afrikaans van graad 8 tot graad 12.

8. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens die onderrigtaal, ook Engels as volwaardige taalvak by die skool aan te bied. Dit geskied soos volg:

Afrikaans as Huistaal

Engels as Eerste Addisionele Taal asook as Huistaal

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

BELEIDSWYSIGINGS

Die gekose beheerliggaam van Hoërskool Montana mag van tyd tot tyd hierdie beleid wysig, aanvul, verander of aanpas.

Geteken te Hoërskool Montana op 1 **dag van** September **20**25

Voorsitter: Beheerliggaam

Skoolhoof

SEKRETARIS VAN DIE BEHEERLIGGAAM

Beleid saamgestel en aangepas deur mnr. PP Botes (skoolhoof) vanaf ander soortgelyke beleide.

Datum van laaste hersiening: Donderdag, 14 Augustus 2025

BELEIDREGISTER-BESONDERHEDE

TITEL VAN BELEID	Taalbeleid
DATUM GOEDGEKEUR DEUR DIE SBL	1 September 2025
INWERKINGTREDINGSDATUM	1 September 2025
VERVALDATUM	Hierdie beleid bly in werking totdat dit gewysig of vervang word EN deur die SBL goedgekeur word.
HERSIENERINGS DATUM	Drie jaar of vroeër vanaf die datum van aanvaarding. Elke SBL behoort hierdie beleid minstens een keer gedurende sy termyn in die amp te hersien.
WYSIGINGSGESKIEDENIS	